

KOMMUNIKAMMA 14 JUNIE 2020



Kontakpersone, indien u meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:

U blokouderling of -diaken

Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za

Dr Deon Els: 072 276 7555; els_deon@yahoo.com

Ds MG van Rooyen: 041-3600665; 083 413 7100; mgvanrooyen@telkomsa.net

TEKS VIR DIE WEEK

2 Kor. 3:4 en 5

“God die Vader van ons Here Jesus Christus, word geprys. Hy is die Vader van meelewing en die God wat in elke opsig bemoedig. In al ons swaarkry bemoedig Hy ons. Hy doen dit sodat ons ook in staat sal wees om mense in al hulle swaarkry by te staan met dieselfde bemoediging waarmee God ons versterk.”

SAKE VIR GEBED:

- Ons dank ons Vader vir die mense wat al herstel het van Covid-19. Ons bid vir al die mense wat baie siek is en pleit dat ons God genesing sal bring.
- Ons bid dat ons mense nog steeds die reëls en regulasies i.v.m. die pandemie sal nakom. Ons weet dat die pandemie en al die maatreëls sal verbygaan.
- Ons sê dankie dat die terugkeer van leerders en onderwysers na die skole meestal glad verloop het.
- Bid vir Sakkie Rossouw se ma wat herstel na 'n operasie.
- Bid ook vir Piet en Sonja Spies se seun, Pieter, waar hy en sy familie almal baie siek is/was. Dink ook aan Piet se broer Johan wat baie siek is, maar so positief bly.
- Ons bid vir al ons gesondheidswerkers. Bid vir hulle beskerming en gesondheid.
- Dra ons bejaardes aan die Here op. Bid vir hulle gemoedstoestande en gesondheid.
- Bid vir Tertia de Jager wat stadig aansterk na beroerte.
- Bid vir Dossie Nortje en haar familie wat deur 'n baie spanningsvolle tyd gegaan het. Dankie vir beterskap. Bid vir haar volkome herstel.
- Ons vra voorbedding vir die Voedsel Projek vir PE Noord en ons dank almal wat daartoe bydra. Ander instansies wat swaarkry, word ook gehelp. Dit word baie waardeer.
- Ons bid vir Chris Pretorius se ma wat herstel na 'n operasie.

There4-bedieninge se gebedsverzoek vir die week:

Bid saam met Christene in Myanmar vir die veiligheid en sekuriteit van ontwortelde gelowiges. Vra God om sy kerk te gebruik om vir hulle van nodige mediese en basiese sorg te voorsien.

EREDIENSTE IN DIE KERKGEBOU

Die kerkraad het besluit om nie te begin met eredienste in die kerkgebou nie. Die besluit sal hersien word indien dit nodig is. Alternatiewe maniere van bediening sal ondersoek word.

KERKKANTOOR

Die kerkkantoor sal elke Woensdag van 08:00 tot 13:00 oop wees. Maak 'n afspraak, by Niekie (082 561 8747), indien jy kerkkantoor toe wil kom. Geen persoon sal sonder 'n masker toegelaat word nie. Volg asb die regulasies.

PROGRAM VIR DIE WEEK:

Sondag 14 Junie

Biddag vir Jeug en Kategese

EREDIENSTE

Eredienste word beskikbaar gestel op Kraggakamma gemeente se webblad, facebookblad en YouTube kanaal. Maak asb. seker jy "SUBSCRIBE" sodat jy niks sal mis nie. Inligting en skakels na boodskappe word ook op die webblad beskikbaar gestel.

Dinsdag 16 Junie

Jeugdag

18:00 Leef@Kerk Zoom sessie met die tieners. Kontak Deon vir meer inligting.
Aflaai van voedselhulp aan PE-Noord. Kyk afkondiging hieronder.

Woensdag 17 Junie

GEMEENTEBIDUUR

Ons hou elke Woensdagaand om 18:00 'n gebedsgeleentheid op Zoom. Kontak asb met Niekie indien jy wil inskakel en saambid.

Saterdag 20 Junie

Relay for Hope

Kom ondersteun vir Brendon Slabbert van 08:00 tot 13:00 in Asterlaan, Sunridgepark, wanneer hy, saam met 'n paar hardloop vriende, die Relay for Hope hardloop. Geldelike donasies, sowel as nie-bederfbare voedsel kan geskenk word en sal aangewend word om behoeftige gesinne te help.
Kontak Christel Slabbert vir meer inligting by 082 324 4111.

DIGITALE SPAN

Daar is geen twyfel dat die digitale bediening gekom het om te bly nie. Is daar iemand wat op hierdie diensgroep wil help? Kontak asb vir Niekie.

SPANNE WANNEER EREDIENSTE HEROPEN

Wanneer eredienste hervat, benodig ons ten minste twee spanne in die gemeente - een vir die ontsmetting van die gebou en een vir die verwelkoming van lidmate en bestuur van toegang tot die erediens ("screening").
Mense wat hier wil dien, kan ook met Niekie skakel.

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

- 15 Junie Michal Bosch en Denise Robbertse
- 16 Junie Violet Dixon, Nico Nell en Pieter Venter
- 17 Junie Theo de Swardt, Pieter Gerber, Carlien Jooste en J.C. van der Westhuizen
- 18 Junie Mari Grobler, Alma Louw en Gerda Minnie
- 19 Junie Steve Britz, Eugene Janse van Rensburg, Mitchell Reed en Stella Scheepers
- 20 Junie Betsie du Toit, George Roets, Liana Smit en Janneke Strydom



BBP ISOLASIE FEESERASIE

Baie dankie vir almal wat deel was van die feesvierings.

Baie dankie aan elke lidmaat wat 'n donasie inbetaal het. Ons het tot dusver R 16 675.00 ingesamel. Giel Meyer het hout-ornamente gemaak en die wins daarvan sal na die BBP Isolasie Feeserasie-fonds oorbetaal word. Meer besonderhede is op die [webwerf](#) beskikbaar.

Omdat die Kermis nie tydens inperking kan plaasvind nie, het ons dit voorlopig verskuif na Vrydag 30 of Saterdag 31 Oktober 2020.

NOOD

Indien iemand enige nood het of hulp nodig het, kontak ons. Laat weet asseblief ook as u 'n enkellopende of ouer persoon is wat hulp nodig het met iets soos bv aankope.

HULP AAN PE-NOORD

Ons ondersteun NG Kerk PE Noord in hul bediening om voedsel te voorsien aan 278 gesinne wat broodgebrek ly. Dankie vir almal wat reeds kos of kontant geskenk het. Daar is 'n mooi klomp kos geskenk en, teen Woensdag 3 Junie is reeds R 32 550 inbetaal. Ons wil PE Noord bly ondersteun. Skenkings kan elke Dinsdag gegee word. Insameling inligting is reeds op Whatsapp uitgestuur en u kan dit ook op ons webblad kry. Vir meer inligting, kontak Sonja Spies by 084 516 4925.

KOMMUNIKASIE

Indien jy nog nie die gemeente se WHATSAPP KOMMUNIKASIE ontvang nie, stuur asseblief jou naam in 'n WhatsApp aan 071 493 5998. Maak seker dat jy hiërdie nommer as 'n kontak op jou foon stoor om sodoende die nuutste gemeente inligting te ontvang.

DANKOFFER

Die eerste 3 maande van ons nuwe finansiële jaar is verby en ons kon ons noodsaaklikste uitgawes betaal. Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae.

Ons het erediensdankoffers en nou ook vir eers die kermis as groot bron van inkomste verloor. Ons versoek u om steeds die Here met u finansiële offer van dankbaarheid te bly dien.

Die dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening inbetaal word of deur middel van Snapscan betaal word.

Die kerk se bankbesonderhede is:

NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091
Takkode 632005



ADVERTENSIEBLAD

Ons gaan 'n advertensieblad saamstel om gemeentelede kans te gee om hulle besighede tydens die inperking gratis te adverteer. Gemeentelede wat wil adverteer, kan 'n e-pos aan Niekie stuur by kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za. Die advertensies sal op whatsapp en facebook uitgestuur word. Die inligting sal ook in die weeklikse kommuniekamma verskyn.

Conrad Pienaar van CHS Training bied die volgende dienste aan:

- Veiligheid en gesondheid dienste rakende nakoming van wetgewing soos byvoorbeeld - COVID19 werksplek gereedheid
- Veiligheid en gesondheid opleiding soos basiese brandbestryding, COVID19, noodhulp, veiligheid ens.
- Mediese evalueering en COVID19 werkplek sifting ens.

Kontak: conrad@chstraining.co.za of 060 587 5606.



Vadersdag is net om die draai en 'n Leerbybel is dalk net die besondere geskenk waarna jy op soek is om die vaderfiguur in jou lewe mee te bederf.

In die antieke tye het soldate leer gebruik om hul toerusting te versterk. Omdat leer so sterk en duursaam was, is dit gebruik om alles van gordels en skoene tot borsskilde en polsskerms te maak. Vandag is leer steeds 'n simbool van krag en beskerming — twee karaktereenskappe wat help om elke goeie pa te beskryf.

Ons Leerbybels is in 'n verskeidenheid tale, groottes en kleure beskikbaar. Kontak die Bybelhuis in Port Elizabeth by 041 364 1138 vir pryse.

Cornel Strydom van Debt Review Centre

Cornel bied die volgende dienste gratis aan alla gemeentelede aan:

1. Persoonlike Krediteure

Hier help ons individue met hulle persoonlike skuld. Daar is verskeie opsies tot hulle beskikking waarmee ons hulle kan adviseur. Dit strek vanaf self-help vir korttermyn probleme tot skuldberading vir die meer ernstige gevalle. Ons sal eers met die persoon elektronies of telefonies konsulteer om beter begrip te kry van hulle huidige finansiële posisie waarna ons hulle beter kan adviseur. Sou hulle meer inligting wil kry oor ons firma of ons dienste is hulle welkom om ons webwerf www.debtreviewcentre.co.za te besoek.

Anders kan hulle my kontak op 082 460 2049 of cornel@debtreviewcentre.co.za sou hulle enige advies nodig het.

Daar is geen kostes verbonde hieraan nie aangesien hierdie deel vorm van ons gemeenskap ondersteuningsprojek vir die jaar.

2. Besighede / Besigheidseienaars

Ons verleen ook hulp aan besighede. Daar is verskeie opsies vir besighede om hulle krediteure onder beheer te hou gedurende hierdie moeilike tyd. Ons dienste strek vanaf tussentydse finansiële konsultant tot formele besighedsredding. Voor ons kan advies lewer konsulteer ons met die kliënt elektronies of telefonies om die besigheid se posisie te bepaal, waarna ons vir hulle advies kan lewer.

Bellathea Velsorgprodukte

Ons reekds word geïnspireer deur 'n gesonder leefstyl en natuurlike velsorgprodukte, wat bekostigbaar is vir almal.

Kontak besonderhede:

Cherie Kruger

Bellathea (Pty) Ltd

1 Glenwood Avenue, George, 6529

Email: cherie@bellathea.co.za

Web: www.bellathea.co.za

Cell: 0814937922



Annique Gesondheids-, Velsorg- en Leefstylprodukte

Anniqueprodukte is alom bekend vir die rooibostee wat in al hulle produkte voorkom.

Vir velsorg, gesondheid of leefstyl navrae kontak my gerus.

Kontak besonderhede:

Niekie Oosthuizen

082 561 8747

loosthuizen@axxess.co.za

